

26 Januarie

Handelinge 1:1-8

(Teks 1:8)

Christen - gesalf tot profeet

Daar is nie 'n keuse nie, 'n Christen is 'n profeet, of hy dit wil erken of nie. Met alles wat ons sê en alles wat ons doen, gaan daar 'n getuienis uit. Dit is nie slegs wanneer ons besig is om vir ander te preek wat ons getuig nie, maar elke oomblik.

Mense kyk en luister na wat Christene sê en doen, en daaruit lei hulle af wie God is. Die profetiese getuienis wat uitgaan van 'n gelowige wat sy geloof in alles wat hy sê en doen uitleef, spreek baie keer baie harder en duideliker tot mense as 'n honderd goed uitgewerkte preke. En die vals getuienis van 'n slegte profeet wat met sy lewe minagting vir God verkondig, kan talle mense van God vervreem. Nadat koning Dawid owerspel en moord gepleeg het, sê die profeet Natan aan hom dat hy deur wat hy gedoen het die vyande van God aanleiding gegee het om God te laster. Hulle laster nie vir Dawid nie, maar vir God! Dawid het vir die mens 'n valse beeld van God verkondig waarvolgens hulle God self bespot het.

Ons groot Profeet, Jesus Christus, het God volmaak aan ons geopenbaar. Wanneer Filippus vir Christus vra dat Hy aan hulle die Vader moet wys, is Jesus se antwoord: *"Ek is al so lank by julle, en ken jy my nie? Wie My sien, sien die Vader"*.

Deur sy verlossingswerk het hy ons ook weer heelgemaak om goeie profete van God te wees. As nuwe mense kan ons 'n ware getuienis van wie God is, laat uitgaan. Deur in die geloof in die krag van die Heilige Gees te leef, kan ons God voor die wêreld verheerlik.

Sing Psalm 45:1,16

Ds. H.B. Hattingh (Amanzimtoti)